THE PROVINCE OF PWV
DIE PROVINSIE PWV

Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price: **R1,50** ◇ Other countries: **R1,95**
Verkoopprys: **R1,50** ◇ Buitelands: **R1,95**

Vol. 237 PRETORIA, 1 NOVEMBER 1994 **No. 5048**

PROCLAMATION · PROKLAMASIE

PROCLAMATION

No. 21 (Premier's), 1994

LOCAL GOVERNMENT TRANSITION ACT, 1993
(ACT No. 209 OF 1993)

TRANSITIONAL LOCAL COUNCIL OF KRUGERSDORP

Under section 10 of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No. 209 of 1993), I hereby, with the concurrence of the Provincial Committee, make the enactments in the Schedule.

Given under my Hand at Johannesburg this First day of November, One thousand Nine hundred and Ninety-four.

T. M. G. SEXWALE,
Premier-in-Executive Council.

SCHEDULE

Establishment of Transitional Local Council

1. A transitional local council, hereunder called the Transitional Local Council of Krugersdorp, is hereby established as contemplated in section 7 (1) (b) (i) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act No.

PROKLAMASIE

No. 21 (Premiers-), 1994

OORGANGSWET OP PLAASLIKE REGERING, 1993
(WET No. 209 VAN 1993)

PLAASLIKE OORGANGSRAAD VAN KRUGERSDORP

Kragtens artikel 10 van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), vaardig ek hierby, met die instemming van die Provinsiale Komitee, die maatreëls in die Bylae uit.

Gegee onder my Hand te Johannesburg op hede die Eerste dag van November Eenduisend Negehonderd Vier-en-negentig.

T. M. G. SEXWALE,
Premier-in-Uitvoerende Raad.

BYLAE

Instelling van Plaaslike Oorgangsraad

1. 'n Plaaslike oorgangsraad, hieronder die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp genoem, word hierby, soos beoog in artikel 7 (1) (b) (i) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No.

209 of 1993), with effect from the date upon which this Proclamation shall come into operation (hereunder called the effective date), comprising the City Council of Kagiso, the Town Council of Krugersdorp, the Local Area Committee of Magaliesburg, the Local Area Committee of Muldersdrift, the Management Committee of Azaadville, the Town Committee of Munsieville and the area of Rietvallei, which Transitional Local Council of Krugersdorp shall be deemed to be a local authority in terms of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance No. 17 of 1939).

Dissolution of local government bodies

2. (1) The City Council of Kagiso, the Town Council of Krugersdorp, the Local Area Committee of Magaliesburg, the Local Area Committee of Muldersdrift, the Management Committee of Azaadville and the Town Committee of Munsieville, are hereby dissolved on the effective date.

(2) Administrator's Notice No. 311 of 6 July 1993 as promulgated in *Official Gazette* No.4924 is on the effective date repealed under section 13 (6) (a) of the Local Government Transition Act, 1993, in so far as it applies to the area of Rietvallei, as defined in paragraph (v) of the Appendix to the said Administrator's Notice, which area of Rietvallei shall, for the purposes of this Proclamation, be deemed to be a dissolved local government body.

Absolvement of functions, powers and duties of Local Government Affairs Council

3. (1) The Local Government Affairs Council shall, notwithstanding any provisions contained in the Local Government Affairs Council Act (House of Assembly), 1989 (Act No. 84 of 1989), and the Transvaal Board for the Development of Peri Urban Areas Ordinance, 1943 (Ordinance No. 20 of 1943), as from the effective date be absolved from exercising any of its functions, powers and duties in respect of the areas of the Local Area Committees of Magaliesburg and Muldersdrift described in section 4.

(2) In the event of the apportionment of any assets, rights and liabilities, including the taking over of any employees and officers, in respect of the areas mentioned in subsection (1) the provisions of section 159*bis* of the Local Government Ordinance, 1939, shall *mutatis mutandis* apply.

(3) The provisions of section 17 shall *mutatis mutandis* apply to the taking over of any employees and officers mentioned in subsection (2).

(4) The Transitional Local Council of Krugersdorp, shall for all purposes as from the effective date be deemed to be the successor-in-law of the Local Government Affairs Council relating to any power, duty, asset, obligation, right and liability within the areas mentioned in subsection (1).

209 van 1993), vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Proklamasie (hieronder die effektiewe datum genoem), ingestel, bestaande uit die Stadsraad van Kagiso, die Stadsraad van Krugersdorp, die Plaaslike Gebiedskomitee van Magaliesburg, die Plaaslike Gebiedskomitee van Azaadville, die Dorpskomitee van Munsieville en die gebied van Rietvallei, welke Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp geag word 'n plaaslike bestuur ingevolge die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie No. 17 van 1939), te wees.

Ontbinding van plaaslike owerheidsliggame

2. (1) Die Stadsraad van Kagiso, die Stadsraad van Krugersdorp, die Plaaslike Gebiedskomitee van Magaliesburg, die Plaaslike Gebiedskomitee van Muldersdrift, die Bestuurskomitee van Azaadville en die Dorpskomitee van Munsieville word hierby op die effektiewe datum ontbind.

(2) Administrateurskennisgewing No. 311 van 6 Julie 1993 soos gepromulgeer in *Offisiële Koerant* No. 4924 word op die effektiewe datum herroep kragtens artikel 13 (6) (a) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1939, vir sover dit van toepassing was op die gebied van Rietvallei, soos omskryf in paragraaf (v) van die Byvoegsel tot die gemelde Administrateurskennisgewing, welke gebied van Rietvallei vir doeleindes van hierdie Proklamasie geag word 'n ontbinde plaaslike owerheidsliggaam te wees.

Ontheffing van funksies, bevoegdhede en pligte van Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede

3. (1) Die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede word, ondanks enige bepaling vervat in die Wet op die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede (Volksraad), 1989 (Wet No. 84 van 1989), en die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943 (Ordonnansie No. 20 van 1943), vanaf die effektiewe datum onthef van die uitvoering van enige van sy funksies, bevoegdhede en pligte ten opsigte van die gebiede van die Plaaslike Gebiedskomitees van Magaliesburg en Muldersdrift in artikel 4 omskryf.

(2) In die geval van die verdeling van enige bates, regte en verpligtinge, insluitend die oorname van enige werknemers en beamptes, betreffende die gebiede vermeld in subartikel (1), geld die bepalings van artikel 159*bis* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 *mutatis mutandis*.

(3) Die bepalings van artikel 18 geld *mutatis mutandis* vir die oorname van enige werknemers en beamptes ten opsigte van die gebiede vermeld in subartikel (2).

(4) Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp word vir alle doeleindes vanaf die effektiewe datum geag die regsopvolger van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede te wees betreffende enige bevoegdheid, plig, bate, verpligting, reg en las binne die gebiede vermeld in subartikel (1).

(5) Notwithstanding the provisions of section 159*bis* (2) of the Local Government Ordinance, 1939, all resolutions, by-laws, delegations and statutory notices of the Local Government Affairs Council pertaining to the areas described in subsection (1), shall as from the effective date, remain in force in the areas mentioned in subsection (1) until amended or repealed by the said Transitional Local Council.

Area of Transitional Local Council of Krugersdorp

4. The area of the Transitional Local Council in Krugersdorp comprises the existing area of jurisdiction of the dissolved City Council of Kagiso as defined in Government Notice No. R. 2458 of 2 November 1979 as amended or extended, the area of the dissolved Town Council of Krugersdorp as defined in Government Notice No. 43 of 2 October 1903 as amended or extended, the area of the dissolved Local Area Committee of Magaliesburg as defined in Administrator's Prclamation No. 137 of 4 June 1969 as amended or extended, the area of the dissolved Local Area Committee of Muldersdrift as defined in Administrator's Proclamation No. 99 of 1977 as amended or extended, the area of the dissolved Management Committee of Azaadville as defined in Government Notice No. 1146 of 11 July 1984 as amended or extended, the area of the dissolved Town Committee of Munsieville as defined in Administrator's Notice No. 1247 of 19 August 1987 and the area of Rietvallei known as Lusaka and Lusaka X1, comprising Portions 4, 23 and 40 of the farm Rietvallei 241 IQ, Transvaal, Lusaka X2 (Luna Sands) and Lusaka X3, comprising Portions 5 and RE of Portion 9 of the farm Rietvallei 241 IQ, Transvaal and Swanieville, comprising Portion 21 of the farm Rietvallei 241 IQ, Transvaal, respectively.

Councillors and Authorized Persons

5. (1) The Transitional Local Council of Krugersdorp comprises 54 Councillors.

(2) The terms of office of the Councillors of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall be terminated on the effective date.

(3) The authorization under Premier's Proclamation No. 15 of 5 October 1994 of persons to exercise, perform or fulfil all the rights, powers, functions, duties and obligations assigned to the dissolved City Council of Kagiso and the dissolved Town Committee of Munsieville is hereby as from the effective date repealed.

(4) The persons mentioned in Annexure A, and duly nominated in terms of paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, are hereby appointed as Councillors of the Transitional Local Council of Krugersdorp.

(5) Nieteenstaande die bepalings van artikel 159*bis* (2) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bly alle besluite, verordeninge, delegasies en wetlike kennisgewings van die Raad op Plaaslike Bestuursaangeleenthede betreffende die gebiede vermeld in subartikel (1), vanaf die effektiewe datum, van krag in die gebiede in subartikel (1) vermeld totdat dit deur die genoemde Plaaslike Oorgangsraad gewysig of herroep word.

Gebied van Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp

4. Die gebied van die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp bestaan uit die bestaande regsgebied van die ontbinde Stadsraad van Kagiso soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 2458 van 2 November 1979 soos gewysig of uitgebrei, die gebied van die ontbinde Stadsraad van Krugersdorp soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 43 van 2 Oktober 1903 soos gewysig of uitgebrei, die gebied van die ontbinde Plaaslike Gebiedskomitee van Magaliesburg soos omskryf by Administrateursproklamasie No. 137 van 4 Junie 1969 soos gewysig of uitgebrei, die gebied van die ontbinde Plaaslike Gebiedskomitee van Muldersdrift soos omskryf by Administrateursproklamasie No. 99 van 1977 soos gewysig of uitgebrei, die gebied van die ontbinde Bestuurskomitee van Azaadville soos omskryf by Administrateurskennisgewing No. 1146 van 11 Julie 1984 soos gewysig of uitgebrei, die gebied van die ontbinde Dorpskomitee van Munsieville soos omskryf by Administrateurskennisgewing No. 1247 van 19 Augustus 1987 en die gebied van Rietvallei, bekend as onderskeidelik Lusaka en Lusaka X1, bestaande uit Gedeeltes 4, 23 en 40 van die plaas Rietvallei 241 IQ, Transvaal, Lusaka X2 (Luna Sands) en Lusaka X3, bestaande uit Gedeelte 5 en RE van Gedeelte 9 van die plaas Rietvallei 241 IQ, Transvaal en Swanieville, bestaande uit Gedeelte 21 van die plaas Rietvallei 241 IQ, Transvaal.

Raadslede en Gemagtigde Persone

5. (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp bestaan uit 54 Raadslede.

(2) Die ampstermyne van die Raadslede van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld, word op effektiewe datum beëindig.

(3) Die magtiging kragtens Premiersproklamasie No. 15 van 5 Oktober 1994 van persone om al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge wat aan die ontbinde Stadsraad van Kagiso en die ontbinde Dorpskomitee van Munsieville opgedra is, uit te oefen, te verrig of na te kom, word hierby vanaf die effektiewe datum herroep.

(4) Die persone in Aanhangsel A vermeld, wat behoorlik kragtens paragraaf 5 van die Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, benoem is, word hierby as Raadslede van die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp aangestel.

(5) Should any Councillor as from the effective date cease to be a member of the political party of which he was a member on the effective date, such Councillor shall be deemed to have resigned as Councillor.

(6) Any casual vacancy arising on the Transitional Local Council of Krugersdorp after the effective date shall be reported to the Member for Housing and Local Government of the Executive Council within thirty days, which vacancy shall, notwithstanding the provisions of sections 20 and 36 of the Municipal Elections Ordinance, 1970 (Ordinance No. 16 of 1970), be filled by the competent authority from the list of additonal candidates in order of preference as contemplated in paragraph 5 of Schedule 1 to the Local Government Transition Act, 1993, as contained in Annexure B.

Chairperson and Vice-Chairperson

6. (1) The Transitional Local Council of Krugersdorp shall, in the manner prescribed for the election of a Mayor and Deputy Mayor in sections 16 and 17 respectively of the Local Government Ordinance, 1939, elect within seven days after the effective date, at a special meeting of the Council, a Chairperson and Vice-Chairperson from the Councillors mentioned in section 5 (3).

(2) The Chairperson and Vice-Chairperson shall perform all the functions and duties of a mayor and deputy mayor as contemplated in any law applicable to local government bodies.

Allowances of Councillors, Chairperson and Vice-Chairperson

7. (1) All the Councillors shall, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Councillors of the dissolved Town Council of Krugersdorp.

(2) The Chairperson and the Vice-Chairperson shal, as from the effective date, receive the same allowances as the allowances paid to the Mayor and Deputy Mayor of the dissolved Town Council of Krugersdorp.

Executive Committee

8. (1) The Transitional Local Council of Krugersdorp shall, notwithstanding the provisions of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960), in terms of the provisions of section 16 (6) of the Local Government Transition Act, 1993, elect from its members an Executive Committee.

(2) The Council shall elect one member of the Executive Committee as Chairperson and one member as Vice-Chairperson of the Executive Committee.

(3) The Chairperson of the Executive Committee shall not act without consultation with the Vice-Chairperson.

(4) The provisions of section 1 and 55 to 61 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, shall, for the purposes of this Proclamation, be applicable *mutatis mutandis* to the Executive Committee contemplated in subsection (1).

(5) Indien enige Raadslid na die effektiewe datum ophou om lid te wees van die politieke party waarvan hy op die effektiewe datum lid was, word sodanige Raadslid geag as Raadslid te bedank het.

(6) Enige toevallige vakature wat na die effektiewe datum op die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp ontstaan, moet binne dertig dae aan die Lid vir Behuising en Plaaslike Regering van die Uitvoerende Raad gerapporteer word, welke vakature, ondanks die bepalings van artikels 20 en 36 van die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970 (Ordonnansie No. 16 van 1970), deur die bevoegde gesag gevul moet word uit die lys van bykomende kandidate in orde van voorkeur soos beoog in paragraaf 5 van Bylae 1 by die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, in Aanhangsel B vervat.

Voorsitter en Ondervoorsitter

6. (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp verkies, binne sewe dae na die effektiewe datum op 'n spesiale vergadering van die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp, 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter uit die Raadslede in artikel 5 (3) vermeld op die wyse voorgeskryf in die verkiesing van 'n Burgemeester en Onderburgemeester by artikels 16 en 17 respektiewelik van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

(2) Die Voorsitter en die Ondervoorsitter verrig al die funksies en pligte van 'n burgemeester en onderburgemeester soos bedoel in enige wet wat betrekking het op plaaslike owerheidsliggame.

Toelaes van Raadslede, Voorsitter en Ondervoorsitter

7. (1) Al die Raadslede ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan Raadslede van die ontbinde Dorpsraad van Krugersdorp betaal is.

(2) Die Voorsitter en die Ondervoorsitter ontvang vanaf die effektiewe datum dieselfde toelaes as wat aan die Burgemeester en Onderburgemeester van die ontbinde Dorpsraad van Krugersdorp betaal is.

Uitvoerende Komitee

8. (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp verkies, ondanks die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960), ingevolge artikel 16 (6) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993, uit sy lede 'n Uitvoerende Komitee.

(2) Die Raad verkies een lid van die Uitvoerende Komitee as Voorsitter en een lid as Ondervoorsitter van die Uitvoerende Komitee.

(3) Die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee handel nie sonder raadpleging met die Ondervoorsitter nie.

(4) Die bepalings van artikels 1 en 55 tot 61 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, is, by die toepassing van hierdie Proklamasie, *mutatis mutandis* op die Uitvoerende Komitee in subartikel (1) bedoel van toepassing.

Transfer of assets, liabilities, rights, obligations and successor-in-law

9. (1) All assets, liabilities, rights and obligations of the dissolved local government bodies mentioned in section 2 shall, as from the effective date be transferred to the Transitional Local Council of Krugersdorp.

(2) The Transitional Local Council of Krugersdorp shall as from the effective date for the purposes of this Proclamation be the successor-in-law of the dissolved local government bodies mentioned in section 2.

Resolutions, by-laws, regulations, statutory notices and delegations

10. Subject to the provisions of this Proclamation, all resolutions, by-laws, regulations, statutory notices and delegations of the dissolved government bodies mentioned in section 2, which immediately before the effective date were in force in any area of the said dissolved government bodies, shall continue in force in such area, subject to any repeal or amendment of such resolutions, by-laws, regulations, statutory notices and delegations by the Transitional Local Council of Krugersdorp.

Budget

11. The 1994/95-budget of the local government bodies referred to in section 2 shall, notwithstanding the provisions of section 58 of the Local Government Ordinance, 1939, be deemed to be the 1994/95-budget of the Transitional Local Council of Krugersdorp until a single consolidated budget is approved.

Representation on Regional Services Council

12. Representation of the dissolved local government bodies referred to in section 2 before the effective date in terms of the Regional Services Councils Act, 1985 (Act No. 109 of 1985), on the West Rand Regional Services Council, shall be terminated on the effective date.

Authorized local authority

13. (1) The Transitional Local Council of Krugersdorp is, under the provisions of section 2 of the Townplanning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986), as from the effective date, deemed to be an authorized local authority for the purposes of Chapters II, III and IV of the said Ordinance.

(2) The Transitional Local Council of Krugersdorp is, under the provisions of section 3 of the Division of Land Ordinance, 1986 (Ordinance No. 20 of 1986), as from the effective date, deemed to be an authorized local authority for the purposes of Chapter IV of the said Ordinance.

Oordra van bates, laste, regte, verpligtinge en regsopvolger

9. (1) Alle bates, laste, regte en verpligtinge van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word vanaf die effektiewe datum aan die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp oorgedra.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp word vir die doeleindes van hierdie Proklamasie vanaf die effektiewe datum die regsopvolger van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld.

Besluite, verordeninge, regulasies, wetlike kennisgewings en delegasies

10. Behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie bly alle besluite, verordeninge, regulasies, wetlike kennisgewings en delegasies van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld wat onmiddellik voor die effektiewe datum van krag was in enige gebied van die gemelde ontbinde plaaslike owerheidsliggame, van krag in daardie gebied, behoudens enige herroeping of wysiging van sodanige besluite, verordeninge, regulasies, wetlike kennisgewings en delegasies deur die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp.

Begroting

11. Die 1994/95-begroting van die plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld word, ondanks die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, geag die 1994/95-begroting van die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp te wees, totdat 'n enkele gesamentlike begroting goedgekeur word.

Verteenwoordiging op Streeksdiensteraad

12. Verteenwoordiging wat die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld kragtens die Wet op Streeksdiensterade, 1985 (Wet No. 109 van 1985), voor die effektiewe datum op die Wes-Rand Streeksdiensteraad gehad het, word op die effektiewe datum beëindig.

Gemagtigde plaaslike bestuur

13. (1) Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp word, kragtens die bepalings van artikel 2 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie No. 15 van 1986), vanaf die effektiewe datum geag 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstukke II, III en IV van genoemde Ordonnansie te wees.

(2) Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp word, kragtens die bepalings van artikel 3 van die Ordonnansie op die Verdeling van Grond, 1986 (Ordonnansie No. 20 van 1986), vanaf die effektiewe datum geag 'n gemagtigde plaaslike bestuur vir doeleindes van Hoofstuk IV van genoemde Ordonnansie te wees.

(3) The Transitional Local Council of Krugersdorp shall not delegate the power to take any decision on a matter pertaining the town-planning to a committee of the Council until the Council has by a two third majority approved a town-planning scheme setting out areas for specific development.

Local authority contemplated in Sixth Schedule to Local Government Ordinance, 1939

14. The Transitional Local Council of Krugersdorp is hereby, as from the effective date, deemed to be a local authority as contemplated in Part II of the Sixth Schedule to the Local Government Ordinance, 1939.

Single Local Administration of Transitional Local Council of Krugersdorp

15. (1) A single Local Administration is hereby established for the Transitional Local Council of Krugersdorp.

(2) A permanent organisational structure for the Single Administration shall be constituted by the Transitional Local Council of Krugersdorp as soon as possible after the effective date.

Town Clerk

16. (1) The Town Clerk of the dissolved Town Council of Krugersdorp shall, for the purposes of this Proclamation, and subject to the provisions of the Remuneration of Town Clerks Act, 1984 (Act No. 115 of 1984), and the Profession of Town Clerks Act, 1988 (Act No 75 of 1988), be deemed to be the Town Clerk of the Transitional Local Council of Krugersdorp as contemplated in section 62 of the Local Government Ordinance, 1939.

(2) The Town clerk shall, for the purposes of this Proclamation perform all the functions, powers and duties assigned to a Town Clerk in terms of the Local Government Ordinance, 1939, the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, the Municipal Elections Ordinance, 1970, or any other law, or resolution of the dissolved local government bodies mentioned in section 2.

Employees and officers of Transitional Local Council of Krugersdorp

17. (1) After a permanent organisational structure as contemplated in section 15 (2) has been constituted, all employees and officers in the service of the dissolved local government bodies mentioned in section 2, shall be transferred to the Single Local Administration contemplated in section 15 (1) in accordance with the provisions of section 10 (3) (f) (i) and (j) of the Local Government Transition Act, 1993.

(2) Until the employees and officers contemplated in subsection (1) have been transferred to the Single Local Administration, the employees and officers concerned shall, for the purposes of this Proclamation, be deemed to be in the service of the Single Local Administration.

Effective date

18. This Proclamation shall come into operation on **1 November 1994.**

(3) Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp delegeer nie die bevoegdheid om enige besluit betreffende dorpsbeplanning te neem aan 'n komitee van die Raad nie alvorens die Raad by 'n twee-derde meerderheid 'n dorpsbeplanningskema waarin gebiede vir bepaalde ontwikkeling uiteengesit word, goedgekeur het nie.

Plaaslike bestuur in Sesde Bylae by Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bedoel

14. Die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp word hierby, vanaf die effektiewe datum, geag plaaslike bestuur soos bedoel in Deel II van die Sesde Bylae by die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, te wees.

Enkele Plaaslike Administrasie vir Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp

15. (1) 'n Enkele Plaaslike Administrasie word hierby vir die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp ingestel.

(2) 'n Permanente organisatoriese struktuur vir die Enkele Administrasie moet deur die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp so spoedig moontlik na die effektiewe datum saamgestel word.

Stadsklerk

16. (1) Die Stadsklerk van die ontbinde Stadsraad van Krugersdorp word by die toepassing van hierdie Proklamasie, behoudens die bepalings van die Wet op die Besoldiging van Stadsklerke, 1984 (Wet No. 115 van 1984), en die Wet op die Beroep van Stadsklerke, 1988 (Wet No. 75 van 1988), geag die Stadsklerk van die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp te wees, soos bedoel in artikel 62 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939.

(2) Die Stadsklerk oefen by die toepassing van hierdie Proklamasie al die funksies, bevoegdhede en pligte uit wat aan 'n Stadsklerk kragtens die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, die Ordonnansie op Munisipale Verkiesings, 1970, of enige ander wet, of besluit van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld opgedra is.

Werknemers en beamptes van Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp

17. (1) Nadat 'n permanente organisatoriese struktuur soos in artikel 15 (2) bedoel saamgestel is, moet alle werknemers en beamptes in diens van die ontbinde plaaslike owerheidsliggame in artikel 2 vermeld na die Enkele Plaaslike Administrasie in artikel 15 (1) bedoel, oorgeplaas word ooreenkomstig die bepalings van artikel 10 (3) (f) (i) en (j) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993.

(2) Totdat die werknemers en beamptes in subartikel (1) bedoel na die Enkele Plaaslike Administrasie oorgeplaas is, word die betrokke werknemers en beamptes vir doeleindes van hierdie Proklamasie geag in diens van die Enkele Plaaslike Administrasie te wees.

Effektiewe datum

18. Hierdie Proklamasie tree in werking op **1 November 1994.**

ANNEXURE A

Nominated persons of the Transitional Local Council of Krugersdorp mentioned in section 5 (4):

STATUTORY COMPONENT

Mr E. Essack.
Mr H. Varachia.
Mr H. Lorgat.
Mr W. J. van Vuuren.
Mr C. J. Bezuidenhout.
Mr J. J. Bekker.
Mr P. Nel.
Mr J. J. Hendriks.
Mr H. P. Hattingh.
Mr J. F. Struckel.
Mr E. Moeketsi.
Ms D. Zulu.
Mr J. Monama.
Ms S. Moletsane.
Mr I. Sengoara.
Mr A. A. du Plessis.
Mr K. F. du Plessis.
Mr J. P. Meiring.
Mr C. F. T. Viljoen.
Mr W. A. Greyvenstein.
Mr R. Martin.
Mr R. Snyman.
Mr G. Visser.
Ms M. Marou.
Ms G. S. Mulder.
Mr W. R. Cronje.
Mr T. I. Steenkamp.

NON-STATUTORY COMPONENT

Mr S. Mothingoa.
Mr I. Dinat.
Mr L. Baloyi.
Mr S. Mokonyane.
Mr S. M. Madlala.
Mr S. Serote.
Mr P. Mfeya.
Mr H. Mmemezi.
Mr Abissainkoe.
Ms M. H. Stevens.
Mr B. Ntsimane.
Mr P. Lipudi.
Mr A. Modau.
Mr S. Molifi.
Mr M. Mogwane.
Ms M. Maluleka.

AANHANGSEL A

Genomineerde persone van die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp in artikel 5 (4) vermeld:

STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. E. Essack.
Mnr. H. Varachia.
Mnr. H. Lorgat.
Mnr. W. J. van Vuuren.
Mnr. C. J. Bezuidenhout.
Mnr. J. J. Bekker.
Mnr. P. Nel.
Mnr. J. J. Hendriks.
Mnr. H. P. Hattingh.
Mnr. J. F. Struckel.
Mnr. E. Moeketsi.
Me. D. Zulu.
Mnr. J. Monama.
Me. S. Moletsane.
Mnr. I. Sengoara.
Mnr. A. A. du Plessis.
Mnr. K. F. du Plessis.
Mnr. J. P. Meiring.
Mnr. C. F. T. Viljoen.
Mnr. W. A. Greyvenstein.
Mnr. R. Martin.
Mnr. R. Snyman.
Mnr. G. Visser.
Me. M. Marou.
Me. G. S. Mulder.
Mnr. W. R. Cronje.
Mnr. T. I. Steenkamp.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

Mnr. S. Mothingoa.
Mnr. I. Dinat.
Mnr. L. Baloyi.
Mnr. S. Mokonyane.
Mnr. S. M. Madlala.
Mnr. S. Serote.
Mnr. P. Mfeya.
Mnr. H. Mmemezi.
Mnr. Abissainkoe.
Me. M. H. Stevens.
Mnr. B. Ntsimane.
Mnr. P. Lipudi.
Mnr. A. Modau.
Mnr. S. Molifi.
Mnr. M. Mogwane.
Me. M. Maluleka.

Ms M. Molefe.
Mr J. Magale.
Mr J. Mongale.
Mr E. Molahlehi.
Mr M. Pule.
Mr A. Gazu.
Mr G. Mangope.
Mr T. Kelobonye.
Ms J. Swanepoel.
Mr C. Kruger.
Ms M. Molefe.

ANNEXURE B

Additional candidates of the Transitional Local Council of Krugersdorp mentioned in section 5 (6):

STATUTORY COMPONENT

AZAADVILLE

Mr Y. Saleh.

MULDERSDRIFT

Mr G. Pansegrouw.
Mr P. Carter.
Mr Kamerauf.
Mr T. van Wyk.
Mr Genlloud.
Mr R. Muller.

MAGALIESBURG

Mr R. W. Walker.

KAGISO

Mr Z. E. Daniels.
Mr P. Mogashoa.
Mr S. Gada.

CONSERVATIVE PARTY

Mr J. Steenkamp.
Mr J. C. Harding.
Mr D. J. J. Heyden.
Mr L. G. Durant.

NATIONAL PARTY

Mr P. Kruger.
Mr S. Horne.

FREEDOM FRONT

Mr F. J. Mulder.
Mr W. F. T. van Schalkwyk.
Mr J. J. de Wet Mulder.

NON-STATUTORY COMPONENT

U. Moiloa.
B. Matsiele.
C. Mosetsana.
S. Khuduga.

Me. M. Molefe.
Mnr. J. Magale.
Mnr. J. Mongale.
Mnr. E. Molahlehi.
Mnr. M. Pule.
Mnr. A. Gazu.
Mnr. G. Mangope.
Mnr. T. Kelobonye.
Me. J. Swanepoel.
Mnr. C. Kruger.
Me. M. Molefe.

AANHANGSEL B

Addisionele kandidate van die Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp in artikel 5 (6) vermeld:

STATUTÊRE KOMPONENT

AZAADVILLE

Mnr. Y. Saleh.

MULDERSDRIFT

Mnr. G. Pansegrouw.
Mnr. P. Carter.
Mnr. Kamerauf.
Mnr. T. van Wyk.
Mnr. Genlloud.
Mnr. R. Muller.

MAGALIESBURG

Mnr. R. W. Walker.

KAGISO

Mnr. Z. E. Daniels.
Mnr. P. Mogashoa.
Mnr. S. Gada.

KONSERWATIEWE PARTY

Mnr. J. Steenkamp.
Mnr. J. C. Harding.
Mnr. D. J. J. Heyden.
Mnr. L. G. Durant.

NASIONALE PARTY

Mnr. P. Kruger.
Mnr. S. Horne.

VRYHEIDSFRONT

Mnr. F. J. Mulder.
Mnr. W. F. T. van Schalkwyk.
Mnr. J. J. de Wet Mulder.

NIE-STATUTÊRE KOMPONENT

U. Moiloa.
B. Matsiele.
C. Mosetsana.
S. Khuduga.

P. Mooketsi.	**P. Mooketsi.**
C. Zoya.	**C. Zoya.**
S. Shandu.	**S. Shandu.**
G. Nkomo.	**G. Nkomo.**
S. Swanepoel.	**S. Swanepoel.**
D. Maifala.	**D. Maifala.**



STOP MURDER
ROBBERY
RAPE

UP TO R6000 WILL BE PAID FOR VALUABLE INFORMATION

SECRECY GUARANTEED

PHONE TOLL FREE

0800 11 12 13

WARNING

Possession of illegal weapons could condemn you to:

UP TO 25 YEARS IN JAIL, COMMUNITY AND FAMILY REJECTION

PLEASE HAND IT IN

For the sake of your community

Save a drop — and save a million

Water conservation is very important to the community and industry to ensure their survival. So save water!

Spaar 'n druppel — en vul die dam

Indien almal van ons besparingsbewus optree, besnoei ons nie slegs uitgawes nie maar wen ook ten opsigte van ons kosbare water- en elektrisiteitsvoorraad



IS YOUR SITE REGISTERED?
IS JOU TERREIN GEREGISTREER?

Department of Environment Affairs

Departement van Omgewingsake


Wetlands are wonderlands!
Department of Environment Affairs


Vleiland-wonderwêreld!
Departement van Omgewingsake

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	PROCLAMATION		
21	Local Government Transition Act (209/1993): Transitional Local Council of Krugersdorp: Enactments	1	5048

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	PROKLAMASIE		
21	Oorgangswet op Plaaslike Regering (209/1993): Plaaslike Oorgangsraad van Krugersdorp: Maatreëls	1	5048

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel 323-9731 x 263, 267 or 269
Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 x 263, 267 of 269